



# Baie op spel vir Naka en QBR

**Morris Gilbert**

**'N** Driedubbele beloning wag Saterdag op die wenner van die groot plaaslike derby in die Moot.

Die kragmeting tussen Naka Bulle en Quins-Bobbies (QBR) is nie net die hoofdis op die naweek se Superliga-spyskaart nie, maar dit is ook 'n Carltonbekerbepaling én 'n geleentheid om 'n belangrike tree nader aan Goue Beker-deelname te gee.

Hoewel Naka in sy eerste vyf Superliga-wedstryde nog net

teen die pasaangeër in die 2018-reeks, UP-Tuks, verloor het, moet hy nie die fout maak om QBR te onderskat nie.

Naka draf weens sy kragvertoning tot nou toe as die gunsteling op die veld, maar QBR het behalwe vir die loesing teen UP-Tuks beduidende momentum en selfvertroue met die stewige vertonings in die ander drie wedstryde opgebou.

Toe Naka verlede maand sy nuwe borgskap bekend gemaak het, het die voorsitter, Ian Herbst, dit duidelik gestel dat

Goue Beker-deelname een van die onmiddellike doelwitte is. QBR kan getuig van die bemarkingswaarde wat Goue Beker-deelname inhou, want hy was

verlede jaar die Blou Bulle se verteenwoordiger in dié nasionale reeks en is eers in die half-eindronde deur College Rovers uitgeskakel.

Op sy tuisveld kom UP-Tuks teen Springs te staan, wat verlede Woensdagaand met 52-24 deur QBR geklop is. Springs is die derde Valke-klub waarmee UP-Tuks swaarde kruis nadat die

Pretorianers verspot maklik met eers East Rand United (87-5) en toe Brakpan (97-0) afgereken het.

Dit voorspel niks goed vir Springs nie, want UP-Tuks se teiken is so berekenend op die kampioenskapskroon ingestel dat daar van die span verwag sal word om te verbeter op die ver-toning wat hy in sy laaste wedstryd teen Impala gelever het.

Een van UP-Tuks se vernaamste bates is dat hy nie vir eerlike selfondersoek terugdeins nie. Daarom is die uitgangspunt dat jy net so goed soos jou laaste

wedstryd is.

Op sy beurt sal Centurion wil voortbou op die momentum wat hy met die agtereenvolgende seges oor twee van die drie Valke-deelnemers opgebou.

Uit die 50-talle wat teen eers Brakpan en toe Springs opgestapel is, sal Centurion die nodige aansporing kry vir die moeiliker wegwedstryd teen ERU in Boksburg waar Naka onlangs moes uithaal om te wen.

ERU is voor sy fanatiese tuis-skare 'n veel moeiliker teenstander om baas te raak.